Sondag

25 Maart 2018 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: "Geseend is Hy wat kom in die Naam van..."

Skriflesing: Markus 11:1-11

"Jesus (as well as the authors of the gospels) would have known about Rome's policy of sending reinforcements to the city at Passover. His decision to enter the city as he did was what we would call a planned political demonstration, a counterdemonstration. The juxtaposition of these two processions embodies the central conflict of Jesus's last week: the kingdom of God or the kingdom of imperial domination. What Christians have often spoken of as Jesus's triumphal entry was really an anti-imperial entry. What we call Palm Sunday featured a choice of two kingdoms, two visions of life on earth."
— Marcus J. Borg, Jesus: Uncovering the Life, Teachings, and Relevance of a Religious Revolutionary

The Donkey

When fishes flew and forests walked
And figs grew upon thorn,
Some moment when the moon was blood
Then surely I was born.

With monstrous head and sickening cry
And ears like errant wings,
The devil's walking parody
On all four-footed things.

The tattered outlaw of the earth,
Of ancient crooked will;
Starve, scourge, deride me: I am dumb,
I keep my secret still.

Fools! For I also had my hour;
One far fierce hour and sweet:
There was a shout about my ears,
And palms before my feet."

G.K. Chesterton

Broodjies vir die pad

"It is not as a child that I believe and confess Jesus Christ. My hosanna is born of a furnace of doubt."
— Fyodor Dostoyevsky

"So, is there an afterlife, and if so, what will it be like? I don't have a clue. But I am confident that the one who has buoyed us up in life will also buoy us up through death. We die into God. What more that means, I do not know. But that is all I need to know."
— Marcus J. Borg, Speaking Christian: Why Christian Words Have Lost Their Meaning and Power - And How They Can Be Restored

"Other prophets, other messiahs, came and went in Jesus' day. Routinely, they died violently at the hands of the pagan enemy. Their movements either died with them, sometimes literally, or transformed themselves into a new movement around a new leader. Jesus' movement did neither. Within days of his execution it found a new lease of life; within weeks it was announcing that he was indeed the messiah; within a year or two it was proclaiming him to pagans as their rightful Lord. How can a historian explain this astonishing transformation?"
— Marcus J. Borg, The Meaning of Jesus

"I have never seen the swing from "Hosanna!" to "Crucify!" more graphically evoked than in the virtually insane way the crowd goes berserk when the toreador makes an adroit turn, and they immediately follow this with insane howling and whistling when some mishap occurs. The momentary character of this mass mood goes so far that they applaud for the bull and against the toreador if, for example, the latter proves to be cowardly and-- quite understandably-- his courage fails him for a moment."
— Dietrich Bonhoeffer

Só kan jou lewe ook bekoorlike musiek maak

Wilhelm Jordaan

Wat is die sin van die lewe? Mý lewe? Dit is ou stowwerige, selfs vervelige, vrae. En tog steeds vars soos nou se môredou; juis wanneer jy oud en gedaan voel of wanneer dit nie so goed gaan nie – as daar min oor is wat lekker is, as die lewe swaar en donker is.

Sommige reken dié vrae stam uit 'n verlies aan lewensbetekenis: innerlike leegheid, 'n durende terneergedruktheid, ontgogeling oor verhoudings, oppervlakkige waardes, min persoonlike vervulling, en 'n honger na spiritualiteit.

Vir baie van ons lê die antwoord in ’n kitskuur wat weer ’n wip in jou stap en ’n vonkel in jou oë sal bring.

Jy wil gou-gou jou “gelukkige ou self” wees, maar begryp nie dat geluk wesenlik leeg is as jy nie ook die binneruimtes van melankolie, neerslagtigheid, droefheid en selfs lyding kén en deurlééf nie.

Dit is lewenskuns om te midde van dít alles te weet die lewe is nie ’n koddige eksperiment nie, maar ’n kosbare geskenk wat jy ’n ganse lewe lank bietjie vir bietjie oopmaak. Om telkens verras te word.

Dít gebeur egter net as daar in jou ’n diep verset is teen die maklike opvatting dat die lewe, jou lewe, sonder betekenis is. Só ’n verset was sigbaar in die ikoniese lewens van Nelson Mandela as gevangene nommer 46664 op Robben-eiland, van Viktor Frankl as gevangene nommer 119104 in die Nazi-konsentrasiekamp Auschwitz; en van Stephen Hawking, vasgekluister in sy rolstoel.

Baie mense redeneer hardnekkig jou lewe het net betekenis as jy iets buitengewoons geskep of gedoen het wat onthou sal word. Soos met Mandela, Frankl en Hawking.

Ons is eintlik gekondisioneer om só te dink – dat jy as mens misluk het as jy nie uitgestaan het nie.

Die lakmoestoets vir ’n betekenisvolle lewe is nie of jy volgens maatstawwe van die openbare mening ’n “suksesmens” geword het nie, maar of jy verbeeldingryk geleef het: minder voorspelbaar, minder dodelik geroetineerd en ingestel op ander mense se verwagtings eerder as jou eie.

Sulke lewenskreatiwiteit kan gepeil word deur te vra: Was ek op die regte tyd op die regte plek die regte mens in die klein kontrei van my bestaan – daar waar ek werk, woon, speel en deelneem aan die lewe?

Om daarmee te sê alles wat jy is, is saamgevoeg tot ’n betekenisvolle samehang: in dít wat goed is en sleg is, wat jy gesê het en ongesê gelaat het, wat gedoen is en versuim is, wat dom is en dwaas is, wat lieflik en loflik is.

Op dié manier maak jou lewe bekoorlike musiek. Sodat dít wat die digter Judith Downing in “The Grandmother Cycle” beskryf, ook waar word van elke mens:

Nothing she did / or said / was quite / what she meant / but still her life / could be called a monument / shaped in a slant / of available light / and set to the movement / of possible music.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/so-kan-jou-lewe-ook-bekoorlike-musiek-maak-20180320

“The four-week period of Advent before Christmas—and the six-week period of Lent before Easter—are times of penance and life change for Christians. In our book The Last Week, we suggested that Lent was a penance time for having been in the wrong procession and a preparation time for moving over to the right one by Palm Sunday. That day’s violent procession of the horse-mounted Pilate and his soldiers was contrasted with the nonviolent procession of the donkey-mounted Jesus and his companions. We asked: in which procession would we have walked then and in which do we walk now?”

— Marcus J. Borg, The First Christmas: What the Gospels Really Say About Jesus's Birth

Brood vir die pad

Judas se verraad van Jesus laat ons met tergende vrae

‘Et tu, Brute?” In Shakespeare se toneelstuk Julius Caesar spreek die Romeinse heerser hierdie bekende woorde uit wanneer hy met messe gesteek word en hy sy vriend Brutus as een van sy moordenaars herken.

Dikwels word hierdie frase as “Jy ook, Brutus?” vertaal. Die mees algemene verklaring is dat dié woorde uitdrukking gee aan die gevoel van skok en afgryse oor ’n vriend se daad van verraad.

Hoewel daar nie enige historiese getuienis is dat Julius Caesar ooit hierdie woorde gesê het toe hy op 15 Maart 44 v.C. om die lewe gebring is nie, herken baie van ons in hierdie woorde die skok en seer wat ons beleef as ons ontdek dat iemand wat ons goed ken en vertrou, onverwags iets doen wat ons kwes en ondermyn.

Dit is dan ook nie maklik om sulke optrede te vergewe of te vergeet nie.

In sy onlangse boek On Betrayal voer die Israelse filosoof Avishai Margalit aan dat die idee van verraad alleenlik ten volle sin maak binne die konteks van wat hy as “thick relations” beskryf, dit wil sê binne familieverhoudinge en vriendskappe.

Teen hierdie agtergrond interpreteer hy die verhaal van Judas se verraad, en spesifiek Judas se kus om Jesus aan die soldate uit te wys (Matteus 26:48).

Margalit onderstreep die feit dat ’n soen dui op nabyheid, en dat dit ’n simboliese gebaar van fundamentele vertroue is. Verraad, daarteenoor, is ’n diep skending van sodanige vertroue.

Die punt wat Margalit maak, is dat dit wat Judas se kus so sinister maak, die feit is dat dit nie ’n kus tussen bendeleiers of vyande is nie, maar tussen vriende.

Jesus spreek dan ook vir Judas ná die soen met dié woorde aan: “Vriend, waarvoor is jy hier? (Matteus 26:50).

Verhale en ervarings van verraad ontlok sterk morele argwaan in ons. In Dante se Inferno is die diepste kring in die hel vir verraaiers opsygesit en vind ons Judas, en Brutus, daar.

Tog is die verhaal van Judas se verraad in die evangelies veelkantig en laat dit ons met baie vrae. As Judas en Jesus naby vriende was, waarom het hy hom verraai? Het hy dan nie verstaan wie Jesus is en wat sy missie behels nie?

Of het hy dalk al te goed verstaan? Was hy dalk teleurgesteld in Jesus se manier van omgaan met ernstige sake soos geld, die tempel, die stryd en die wet? Of het hy dalk gedink dat dit nie hy is wat Jesus verraai nie, maar dat Jesus hóm verraai het met hierdie pratery oor lyding en die kruis? – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/judas-se-verraad-van-jesus-laat-ons-met-tergende-vrae-20180316

“God wills our liberation, our exodus from Egypt. God wills our reconciliation, our return from exile. God wills our enlightenment, our seeing. God wills our forgiveness, our release from sin and guilt. God wills that we see ourselves as God’s beloved. God wills our resurrection, our passage from death to life. God wills for us food and drink that satisfy our hunger and thirst. God wills, comprehensively, our well-being—not just my well-being as an individual but the well-being of all of us and of the whole of creation. In short, God wills our salvation, our healing, here on earth. The Christian life is about participating in the salvation of God.”

— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877